

Lig wankelend.

Gerard Scholtz. 2010. Kaapstad: Queillerie. 224 pp. ISBN: 978-0-7958-0015-3.

*Lig wankelend* is Gerard Scholtz se debuutroman. Die roman volg die lewensverhaal van Utte Reuter wat na die Tweede Wêreldoorlog uit Duitsland vlug en op 24 November 1949 in die Kaapstadse hawe aanland. Utte kom na Suid-Afrika om die verwoesting van haar tuisland te ontvlug en om met die broer van haar penvriendin, Christiaan Hofmeyr, te trou. Die roman bevat geen komiese tonele nie en die leser word deurentyd bewus gemaak van die werklikhede van die oorlog.

*Lig wankelend* kan gelees word as geskiedskrywing in romanvorm wat as sodanig aansluit by die groot korpus Afrikaanse tekste wat gelees word binne die debat aangaande narratief, identiteit en versoening. Hierdie debat handel oor die moontlikheid dat die oorvertel van verhale uit 'n gewelddadige verlede kan lei tot versoening tussen die betrokke groepe deur die kollektiewe skuld en trauma aan te durf en te verwerk. Scholtz benader egter die geskiedenis vanuit die oogpunt van die individu. Hierdie tipe benadering word onder andere in die oeuvre van John Miles aangetref en dit is opvallend dat *Lig wankelend* dieselfde patroon as John Miles se *Voetstoots* volg wanneer die outeur bieg dat hy, soos Miles, die roman anders sou kon laat eindig, maar gekies het om die gebeure aan te pas. Die fokus van die roman is die geskiedenis van Utte Reuter wat afspeel teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog. Scholtz beklemtoon met ander woorde die impak en trauma van die oorlog in die lewe van 'n enkele persoon, eerder as om op die kollektiewe impak te fokus.

Die vertelling word afwisselend aangebied deur twee eerstepersoonvertellers, naamlik Utte se buurman (hoofstukke 1 en 16) en Utte self wat in die grootste deel van die roman aan die woord is. Wanneer die roman begin,

besoek die buurman die kliniek waar Utte versorg word nadat sy met alzheimersiekte gediagnoseer is. Vanaf hoofstuk 2 is Utte aan die woord en begin sy om, deur middel van terugflitse, inligting oor haar persoonlike geskiedenis oor te vertel. Utte se geskiedenis is gelyktydig fassinerend en ontstellend. Scholtz verbloem nie die brutaliteit van die oorlog nie en sy intense beskrywings van insidente maak die leser op 'n ontnugterende wyse bewus van die traumatiese realiteite van die Tweede Wêreldoorlog. Utte as die verteller en die figuur wat reeds in die subtitel van die roman "Die wese van die liefde en lewe van Utte Reuter" vermeld word, versterk die outobiografiese aard van die roman. Uit die erkennings aan die einde van die roman dui Scholtz aan dat die subtitel gedeeltelik aan 'n boek van Rilke geleen is: *Die Weise von Liebe und Tod des Cornets Christoph Rilke*. Daar word nie met hierdie intertekstuele verwysing na Rilke in die subtitel volstaan nie, aangesien daar ook verskeie vrye vertalings van Rilke se gedigte in die teks aangetref word.

Uit artikels wat oor Rilke se lewe handel, wil dit voorkom asof Rilke en Utte dieselfde tipe ervarings in hul lewens meegemaak het. Rilke het uit Duitsland gevlug om die verwoesting van die Eerste Wêreldoorlog te ontsnap, maar het nooit werklik in enige ander land tuis gevoel nie. Sy lewe is ook gekenmerk deur ongesonde en gebroke verhoudings en die poësie wat hy geskryf het, het as instrument gedien om die trauma van sy lewe te verwerk. Utte vind aanklank by die poësie van Rilke en telkens word gedigte van Rilke by die teks ingesluit om haar emosies te verwoord.

Die gebeure vind nie in kronologiese volgorde plaas nie. Scholtz gebruik leestekens asook die struktuur van die roman om die bewussynstroom van Utte voor te stel. In hoofstuk 3 is daar byvoorbeeld 'n paragraaf wat geen leestekens bevat nie – die hele paragraaf suggereer die aaneenloop van

verskeie herinneringe. Gedagtes vloei aaneen van een hoofstuk na die volgende en elke nuwe gedagte gee aanleiding tot 'n volgende herinnering uit Utte se verlede. Die klem op herinnering en denke word verder voorgestel deur die minimale dialoog wat in die roman aangetref word. Die grootste hoeveelheid teks word weergegee vanuit Utte se gedagtes, met ander woorde wat Utte dink is belangriker as wat Utte sê.

Die insluiting van die liefdesverhouding tussen Utte en Félix voeg 'n interessante element tot die roman by. Die leser is bewus daarvan dat Félix 'n belangrike rol in Utte se lewe gespeel het, maar die omvang van hulle verhouding word eers heelwat later in die roman blootgelê. Die leser kan wel gevolgtrekkings maak en besef gou genoeg dat Utte haar in 'n liefdelose verhouding met Christiaan bevind terwyl haar hart steeds aan Félix behoort. Die insluiting van problematiese liefdesverhoudings maak die roman in 'n sekere mate meer toeganklik vir lesers wat nie noodwendig in geskiedskrywing belangstel nie.

*Lig wankelend* bevat verskeie kenmerke wat met die postmodernisme geassosieer word. Die opvallendste hiervan is sekerlik die fragmentering van die narratief. Soos reeds genoem, bestaan die hele teks uit terugflitse na Utte se verlede wat af en toe afwissel met gebeure in die hede. Die fragmentering van die narratief word egter ook bewerkstellig deur die insluiting van 'n verskeidenheid dokumente in die teks. Die roman bevat gedigte, briewe, dagboekinskrywings, 'n koerantberig, 'n aantal definisies en beskrywings uit wetenskaplike bronne en 'n resep vir "Blitzkuchen mit Apfeln". Hierdie dokumente word egter nie as losstaande elemente ingesluit nie, maar word deeglik met die res van die teks geïntegreer deurdat elke dokument verband hou met 'n spesifieke herinnering en lig werp op die bepaalde herinnering. Die insluiting van addisionele doku-

mente het met ander woorde 'n verklarende funksie deurdat hulle agtergrondsgegewens aan die teks toevoeg.

Sommige van die ingeslote dokumente het ook 'n tweede funksie, naamlik konkretisering. Die insluiting van definisies en beskrywings konkretiseer nie net die geskiedkundige gebeure en stede waarna verwys word nie, maar die beskrywings van veral diere en plante konkretiseer die emosies wat Utte beleef. 'n Voorbeeld hiervan is die verwysing na die slang, "Bitis arietans". Christiaan word in 'n baie negatiewe lig aan die leser bekendgestel en Utte ervaar Christiaan ook op 'n negatiewe manier. Die bepaalde siening wat Utte van Christiaan het, word gevolglik in die definisie verwoord: "*Bitis arietans*. 'n Stadige, humeurige slang wat maklik omgekrap raak en dan blaas en pof. As dit gesteur word, kan dit vinnig in alle rigtings pik." (p.13)

Die verheerliking van die alledaagse is 'n tweede opvallende kenmerk van die roman. Utte se belewenisse word op 'n baie intense manier beskryf en gevolglik word die veelseggenheid van die eenvoudige beklemtoon. Utte het reeds so baie in haar lewe verloor en daarom beklemtoon Scholtz deur middel van hierdie intense beskrywings die belangrikheid van selfs die kleinste gebeurtenis of belewenis.

Uiteindelik is *Lig wankelend* 'n interessante en boeiende vermenging tussen geskiedskrywing en die biografiese verhaal van 'n enkele persoon se stryd om die trauma van die verlede te verwerk. Die insluiting van die groot verskeidenheid dokumentasie voeg interessante afwisseling toe aan die teks, maar is soms oorweldigend en kan daarom die leesproses bemoeilik.

*Lezandra Thiar*

Universiteit van Pretoria, Pretoria